NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2024

REKENINGKUNDE: VRAESTEL I

Tyd: 2 uur 200 punte

INLIGTINGSBOEKIE

IEB Copyright © 2024

VRAAG 1 VOORRAAD EN BTW (40 punte, 24 minute)

Inligting aangaande Caitlin se Koffie

Caitlin se Koffie is 'n onderneming wat plaaslik bedryf word en koffiebone aan aanlyn klante verkoop. Hulle het onlangs hul produkreeks uitgebrei om verpersoonlikte koffiebekers in te sluit.

- Hulle gebruik die periodieke voorraadstelsel vir alle voorraad.
- Hulle is vir BTW geregistreer volgens die faktuurbasismetode.

VRAAG 1A VOORRAADSTELSELS (30 punte, 18 minute)

Caitlin se Koffie waardeer hul voorraad bone deur die eerste-in-eerste-uit- (EIEU-) metode te gebruik en het besluit om die geweegde gemiddelde-metode vir die bekers te gebruik.

- 'n Eenheid bestaan uit een beker of een pak bone.

Die voorraadrekords vir die jongste finansiële jaar wat op 29 Februarie 2024 geëindig het, was soos volg:

A. Pak bone – eerste-in-eerste-uit (EIEU)

	Getal eenhede	Koste per eenheid	Totale koste
Beginvoorraad (1 Maart 2023)	9 000	R22	R198 000
Aankope gedurende die jaar	55 000		R1 144 000
April 2023	28 000	R20	R560 000
Julie 2023	13 000	R18	R234 000
September 2023	14 000	R25	R350 000

(i) 150 pakke van die beginvoorraad is gedurende die jaar by verskillende promosiegeleenthede as reklame gebruik.

(ii) 1 600 van die pakke bone wat in April gekoop is, is aan die verskaffer terug-gestuur.

(iii) Daar was geen afleweringskoste op die pakke bone gedurende die jaar nie.

(iv) Verkoop 45 000 pakke bone teen R60 elk gedurende die jaar.

B. Koffiebekers – geweegde gemiddelde

(i) Die onderneming het die jaar begin met 1 200 bekers voorhande met 'n geweegde gemiddelde van R15 elk.

(ii) Gedurende die jaar het die onderneming 22 000 bekers vir R264 000 gekoop. Dit was voordat hulle 2 500 bekers aan die verskaffer teruggestuur en 'n kredietnota ter waarde van R32 500 ontvang het.

(iii) Die verskaffer het aan Caitlin se Koffie 100 bekers gegee wat hulle per abuis gemaak het. Daar was geen heffing hiervoor nie.

(iv) Die vraggeld op alle bekers wat gekoop is, beloop R27 140.

(v) Verkope beloop R600 000 (20 000 bekers teen R30 elk).

IEB Copyright © 2024

VRAAG 1B BTW (10 punte, 6 minute)

BTW word teen 15% bereken

Die boekhouer van Caitlin se Koffie het bereken dat die onderneming die SAID R39 000 vir BTW skuld. Sy het egter vergeet om die volgende transaksies op te teken:

LET WEL: Alle kredietverkope ontvang 'n 5%-handelskorting as deel van hul lojaliteits-program.

1. 'n Debiteur het bekers met 'n netto waarde (nadat die handelskorting in ag geneem is) van R3 220, BTW ingesluit, teruggestuur aangesien die onderneming se afleweringsmaatskappy die boks laat val het.

2. 'n Krediteur het aangedui dat hulle nie die onderneming se betaling ontvang het nie en daarom is die korting van R2 070 gekanselleer.

3. Totale bruto verkope (voordat die handelskorting in ag geneem is) vir die laaste week het R80 000 beloop, BTW uitgesluit (80% was vir kontant en dit is korrek opgeteken). Die BTW op die **kredietverkope** is nie opgeteken nie.

IEB Copyright © 2024

VRAAG 2 MAATSKAPPY FINANSIËLE STATE (67 punte, 40 minute)

Inligting aangaande Dhlamini Verspreiders Beperk

Dhlamini Verspreiders Beperk is 'n Suid-Afrikaanse genoteerde maatskappy met gemagtigde aandelekapitaal van 7 500 000 gewone aandele.

- Hul jongste finansiële jaareinde is 29 Februarie 2024.

2.1 Saldo's/totale onttrek uit die finansiële state op **28 Februarie 2023**:

Balansstaatafdeling	
Aandeelhouersbelang	R45 000 000
Gewone aandelekapitaal (4 000 000 gewone aandele)	R38 730 000
Vaste deposito: TT Bank	R2 100 000
Voorsiening vir oninbare skuld	R191 000
Vooruitbetaalde uitgawes (Huuruitgawe)	R25 500

2.2 Saldo's/totale onttrek uit die Vooraansuiweringsproefbalans vir die jaar geëindig **29 Februarie 2024**:

Balansstaatafdeling	
Handelsvoorraad	R6 450 000
Debiteurekontrole	R4 920 000
Lening: Zhen Bank (12% p.j.)	R8 400 000
Krediteurekontrole	R15 870 000
Nominale rekeninge-afdeling	
Verkope	R18 450 000
Koste van verkope	R8 200 000
Debiteureafslag	R56 000
Kommissie-inkomste	R70 000
Reklame	R160 600
Huuruitgawe	?
Rente op vaste deposito	R126 000

IEB Copyright © 2024

Bykomende inligting aangaande <u>aandele, dividende en belasting</u> vir die jaar geëindig 29 Februarie 2024:

31 Mei 2023: Die maatskappy het 'n tussentydse dividend van R700 000 aan aandeelhouers verklaar en betaal.

30 Junie 2023: Die maatskappy het 'n bykomende R5 890 000 gewone aandele-kapitaal verkry deur 600 000 gewone aandele uit te reik.

26 Februarie 2024: Die maatskappy het 100 000 gewone aandele teen 1 140 sent elk teruggekoop. Daar is ooreengekom dat hierdie aandele geregtig sal wees op die finale dividend wat op 29 Februarie 2024 verklaar is.

28 Februarie 2024: Die totale voorlopige belastingbetalings vir die jaar wat deur die maatskappy aan die SAID gedoen is, beloop R1 350 000.

29 Februarie 2024: Die maatskappy het 'n finale dividend van 24 sent per aandeel verklaar.

Nadat die finale belasting vir die jaar bereken is, was 'n terugbetaling van R408 390 van die SAID aan die maatskappy verskuldig.

Bykomende inligting en aansuiwerings wat nog in ag geneem moet word:

1. Die totale kommissie-inkomste wat vir die jaar verdien is, beloop R62 700.

2. Die reklamekoste is eweredig deur die jaar versprei. Die betaling vir Februarie 2024 is nog nie gedoen nie.

3. Die bankstaat is op 29 Februarie afgelaai en het die volgende openbaar wat nog opgeteken moet word:

   3.1 Bankkoste van R850.
   3.2 Die debietorder vir die Februarie-versekeringspremie van R6 500 is nog nie deur die onderneming opgeteken nie.
   3.3 Die maatskappy het 'n direkte deposito van 'n debiteur verkeerdelik as R52 000 in plaas van R25 000 opgeteken.

4. 'n Debiteur wat sy rekening oorbetaal het, het versoek dat die oorbetaling na sy krediteure-rekening oorgedra word. Die boekhouer het verkeerdelik R6 000 van die krediteuregrootboekrekening afgetrek en dit na die debiteuregrootboekrekening oorgeplaas. Korrigeer die fout.

5. 'n Debiteur het herverkoopbare goedere wat R16 000 gekos het, teruggestuur. Dit het 'n oorspronklike verkoopsprys van R36 000 gehad voordat 'n 10%-handelskorting toegestaan is. 'n Hanteringsfooi van R500 is gehef, wat by die klant se rekening bygevoeg is.

6. Voorsiening vir oninbare skuld moet met R30 500 verminder word.

7. Die huurooreenkoms bepaal dat huur een maand vooruit betaal moet word en dat dit op 1 Januarie elke jaar met 8% verhoog word. Die boekhouer het vergeet om die vooruitbetaalde huur aan die begin van die jaar om te swaai.

IEB Copyright © 2024

8. Die maatskappy het drie direkteure wat elkeen dieselfde maandelikse direkteurs-gelde verdien. Twee van hulle is nie hul gelde vir Februarie 2024 betaal nie, want:

   8.1 Een direkteur het voorraad ter waarde van R25 000 vir haar eie gebruik geneem. Die res van haar gelde is nog aan haar verskuldig.
   8.2 Die ander direkteur het 'n ou voertuig vir haar seun geneem. Die ooreengekome prys was R90 000, sodat die maatskappy 'n wins van R5 000 op die verkoop sal maak. Aangesien dit meer is as haar Februarie-gelde, is ooreengekom dat die res van haar gelde vir Maart 2024 afgetrek sal word.

9. Die rente op die vaste deposito vir die laaste kwartaal van die jaar is nog verskuldig. Rente word nie gekapitaliseer nie. Daar was geen verandering in die vaste deposito gedurende die jaar nie.

10. Na die jaarlikse voorraadopname is die volgende vasgestel:
    - Voorraad voorhande beloop R6 396 000 en
    - Verpakkingsmateriaal voorhande beloop R6 300.

11. Die lening is vir 'n tydperk van 20 jaar beding met gelyke jaarlikse terugbetalings wat gedoen moet word. Die eerste 6 jaar se betalings is gedoen en korrek opgeteken. Die rente op die lening word nie gekapitaliseer nie en is korrek opgeteken.

IEB Copyright © 2024

Hierdie bladsy is doelbewus leeg gelaat.

IEB Copyright © 2024

VRAAG 3 KONTANTVLOEISTATE (45 punte, 27 minute)

Inligting aangaande Nkosi Neon Bpk

Nkosi Neon Bpk is 'n Suid-Afrikaanse genoteerde maatskappy met gemagtigde aandelekapitaal van 3 000 000 aandele. Hulle dryf handel in verskillende beligtings-oplossings vir die korporatiewe mark.

3.1 Aandele-inligting:
Op 1 Maart 2023 het die maatskappy R16 800 000 aan aandelekapitaal verkry deur 2 400 000 gewone aandele uit te reik.

3.2 Uittreksel uit die Staat van Omvattende Inkomste (Inkomstestaat) vir die jaar geëindig 29 Februarie 2024:

Verkope	R7 650 000
Koste van verkope	R3 220 000
Waardevermindering	R640 000
Rente op verband	?
Inkomstebelasting (30% van wins)	?
Netto wins na belasting	R1 631 000

3.3 Uittreksel uit die Staat van Finansiële Posisie (Balansstaat) soos op:

	29 Februarie 2024	**28 Februarie 2023**
Vaste bates	R12 600 000	R10 800 000
Lening: Kat Bank	R7 900 000	R6 500 000
Bank	Krediet R84 000	Debiet R126 000
Los kontant	R10 000	R7 000
Handelsvoorraad	R5 430 000	?
Handelsdebiteure	?	R2 240 000
Handelskrediteure	R4 105 000	R3 640 000
SAID (BTW)	Krediet R24 000	Krediet R31 000
Opgelope uitgawes (Versekering)	R12 000	R9 000
SAID (Inkomstebelasting)	Krediet R18 000	Debiet R11 000
Aandeelhouers vir dividende	R510 000	R420 000

3.4 Bykomende inligting:

3.4.1 **Vaste bates**

- Die maatskappy het gedurende die jaar 'n ou voertuig vir R420 000 verkoop. Die maatskappy het 'n wins van R25 000 op hierdie transaksie gemaak. Alle inskrywings is gedoen en korrek in rekening gebring op die datum van die transaksie.
- Die maatskappy het gedurende die jaar 'n nuwe pakhuis gekoop, sowel as die betrokke toerusting wat daarvoor nodig was.

IEB Copyright © 2024

3.4.2 **Beleggings**

- Op 14 Februarie 2024 het Nkosi Neon Bpk 50 000 aandele vir 'n totaal van R300 000 in Chokwe Kabels Bpk gekoop.

3.4.3 **Dividende**

- Tussentydse dividende is betaal en finale dividende is gedurende die jaar verklaar.
- Die totale dividende wat gedurende die jaar **betaal** is (soos dit op die kontantvloeistaat verskyn), beloop R800 000.

3.4.4 **Lening en rente**

- Rente op die lening word gekapitaliseer.
- 'n Nuwe lening vir R1 800 000 is verkry om die aankoop van die nuwe pakhuis te help befonds.
- R95 000 is elke maand betaal om die maandelikse terugbetalings en die rente op die lening te dek.

3.4.5 **Bedryfskapitaal**

- Die verandering in die handels- en ander ontvangbare rekeninge het 'n kontantinvloei van R154 000 tot gevolg gehad.
- Voorraadvlakke het met R675 000 toegeneem.

IEB Copyright © 2024

VRAAG 4 VERVAARDIGING EN VASTE BATES (48 punte, 29 minute)

Inligting vir Deel A en Deel B het op Caragh Kabels Bpk betrekking

Caragh Kabels Bpk vervaardig 'n bekostigbare reeks veselkabels van hoë gehalte.

- Hul finansiële jaareinde is 29 Februarie 2024.
- Hul vaste bates bestaan uit drie afleweringsvoertuie en vervaardigingstoerusting.

DEEL A VASTE BATES (15 punte, 10 minute)

Afleweringsvoertuie

4.1 Bykomende transaksies rakende die afleweringsvoertuie wat gedurende die jaar plaasgevind het:

4.1.1 'n Ou afleweringsvoertuig met 'n drawaarde van R40 000 op 1 Maart 2023 is later in die jaar vir R60 000 kontant verkoop. Dit het oorspronklik R320 000 gekos en op die datum waarop dit verkoop is, het dit 'n totale opgehoopte waardevermindering van R286 000 gehad.

4.1.2 'n Nuwe afleweringsvoertuig is op rekening gekoop.

4.2 Afleweringsvoertuie word teen 20% p.j. volgens die verminderendesaldo-metode gedepresieer.

Waardevermindering op die voertuig wat **verkoop** is en die **nuwe** voertuig wat gekoop is, beloop R24 000.

IEB Copyright © 2024

DEEL B VERVAARDIGING (33 punte, 19 minute)

Die fabriek beslaan 900 m² en die verkoops- en administrasie-afdeling beslaan die res van die eiendom van 1 300 m².

1. **Saldo's op:**

	29 Februarie 2024	28 Februarie 2023
Grondstowwe	R914 000	R875 000
Goedere-in-bewerking	R523 000	R608 000
Klaarprodukte	R435 000	R569 000
Verbruiksvoorraad	R17 400	R14 800

2. Totale verkope vir die jaar beloop R2 850 000. 'n Winsgrens van 50% op kosprys word op alle kabelverkope toegepas.

3. **Direkte en indirekte materiaal**

   (a) Verbruiksvoorraad wat gedurende die jaar gekoop is, beloop R45 000. Van al die verbruiksvoorraad word 90% in die fabriek gebruik.

   (b) Grondstowwe wat gedurende die jaar gekoop is, beloop R3 140 000. Hiervan is R65 000 aan die verskaffers teruggestuur.

   (c) Vraggeld op alle materiaal beloop R8 000 vir die jaar. Daar is besluit om alles aan die grondstowwerekening toe te wys.

   (d) Die volgende transaksies word as produksie-uitgawes (fabrieksbokoste) beskou:
      (i) Grondstowwe ter waarde van R10 000 is gesteel. Die versekeringsmaatskappy het ingestem om die eis minus 'n bybetaling van R2 000 uit te betaal.
      (ii) Die waarde van die grondstowwe wat tydens produksie verkwis is, beloop R15 000. Dit word as 'n produksie-uitgawe beskou.

4. **Indirekte arbeidskoste**

   (a) Die fabriekstoesighouer neem 'n netto salaris van R34 400 **per maand** huistoe. Dit is na 'n mediesefonds-aftrekking van R3 000 en 32% wat vir LBS, pensioen en WVF afgetrek is. Die maatskappy dra R6 450 per maand tot haar pensioenfonds, WVF en mediese fonds by.

IEB Copyright © 2024

5. Algemene uitgawes

(a) Die diverse uitgawes het dieselfde gebly vir die jaar. 'n Bedrag van R57 200 is betaal, maar dit sluit nie die rekeninge vir Februarie 2024 in nie. Die helfte van alle diverse uitgawes word aan die produksieproses toegewys.

(b) Die versekering word in 'n verhouding van 5:4:3 aan die fabriek, administratiewe afdeling en die verkoopskantore toegewys. Die jaarlikse versekeringskoste wat aan die **verkoopsafdeling** toegewys is, beloop R31 200.

(c) Die totale sekuriteitskoste vir die jaar was R149 500. Sekuriteitskoste word toegewys volgens die vloerspasie wat gebruik word.

(d) Waardevermindering op die vervaardigingstoerusting is bereken volgens die produksie-eenheidmetode. 'n Totaal van 47 100 eenhede is vir die jaar geproduseer teen 'n produksie-eenheidskoste van R2 elk.

Totaal: 200 punte

IEB Copyright © 2024